## Week 1 (1-8 Maart) - Erken jou probleem: Ek is in die moeilikheid… *die Verlore Seun se storie (Lukas 15:11-32)*

### Sondag 1 Maart - Dag 1:

*"There must be, and, if we are honest, there always will be at least one situation in our lives that we cannot fix, control, explain, change, or even understand. For Jesus and for his followers, the crucifixion became the dramatic symbol of that necessary and absurd stumbling stone."* Richard Rohr

Vir 40 dae gaan ons praat en dink en bid oor change. Ons kry dit baie moeilik reg om te verander – sukkel selfs met die klein goedjies wat moet change. Ons val gewoonlik maklik terug in ou patrone van dink en doen, terwyl ons goed weet dat ons nodig het om te groei of te verander – ons kan nie dieselfde bly nie. Die doel van 'n verhuding met die Hereis om ons lewens te verander, om on suit te daag om Jesus te volg. En Jesus se heel eerste opdrag was "Metanoia". Ons vertaal dit te vinnig met "Bekeer julle", eintlik beteken metanoia - om te verander.

Die model waarmee ons vir 40 dae gaan werk neem ons deur 5 fases om ons te help om te verander:

1. Erken dat jy in die moeilikheid is (week 1);
2. Wees eerlik oor wat jou keer om te verander (week 2);
3. Vra en vat vergiffenis (week 3);
4. Commit vir die langpad (week 4);
5. Wie hou jou accountable? (week 5)

Lent daag ons uit om hard en eerlik na ons lewens en gewoontes te kyk en dit gee ons 'n ideale kans om vir onsself te vra: **Wat moet verander in my lewe?**

Maak vir 40 dae klein veranderinge – gee iets op ('n gewoonte of tipe kos etc), maar voeg iets by. Ek dink nie ons word beter mense net deur sekere goed op te hou wees of eet of doen nie, maar eerder deur wat ons byvoeg en word.

In die fliek Chocolate sê Pierre Henri, die jong priester dit die beste: "W***e must measure our goodness, not by what we don't do, what we deny ourselves, what we resist, or who we exclude. Instead, we should measure ourselves by what we embrace, what we create, and who we include.***"

Lees saam, bid saam , maak tyd in jou dag vir hierdie dagstukkies. Wees eerlik oor jou eie journey van change wat jy moet loop en vertrou God om in hierdie tyd in jou lewe te werk.

**Lees die verhaal van die Verlore seun in Lukas 15:11-32**

**Maandag 2 Maart - Dag 2:**
*"The word "change" normally refers to new beginnings. But transformation more often happens not when something new begins but when something old falls apart. The pain of something old falling apart—chaos—invites the soul to listen at a deeper level. It invites and sometimes forces the soul to go to a new place because the old place is falling apart."* Richard Rohr

Ons ken die verhaal van verlore seun wat alles wat hy gekry het, uitgee en dan uiteindelik as hy niks oor het nie, pas hy varke op. Dit is waar hy ontdek hoe groot sy moeilikheid is – as hy alles verloor het en nie eers meer kos het om te eet nie. Dit is 'n baie belangrike punt in ons lewens, as jy ont dek dat jy in die moeililkheid is en nie so kan aangaan nie. Eintlik is dit 'n soort **aha-oomblik** wanneer alles skielik baie duidelik is – ek het nie 'n keuse as ek wil verander nie.
Die vraag is steeds: **Wil jy change?**

Watter gewoontes en gedrag bring jou in die moeilikheid?
Dink terug aan die aha-oomblikke in jou lewe, wat jou op 'n punt gebring het om te verander.

**Lees Lukas 15:11-16**
Hoe kan jy met die verhaal van die verlore seun identifiseer?

**Dinsdag 3 Maart - Dag 3:**
*"How you do life is your real and final truth, not what ideas you believe."* Richard Rohr

Die verkeerde keuses wat jy maak kan jouself en die mense rondom jou en jou verhouding met God vernietig. Hoe kom ons op daardie punt? Hoe het die verlore seun by die varke beland? As 'n mens sy storie lees, dan het hy keuses gemaak wat hom geleidelik al hoe verder van sy pa af weggeneem het en hom al hoe dieper in die moeilikheid laat beland het. Dawid en Petrus het dit ook gedoen. Die keuses wat jy maak het altyd gevolge.

As jy terugkyk oor jou lewe, watter verkeerde keuses het jy al gemaak?
En wat was die gevolge van hierdie keuses?

**Lees Lukas 15:11-20**
Wat kan jy leer by die verlore seun?

**Woensdag 4 Maart - Dag 4:**

*"In terms of soul work, we dare not get rid of the pain before we have learned what it has to teach us."*
Richard Rohr

Ons skram weg van pyn en swaarkry, ons probeer dit baie keer ten alle koste vermy en neem vir God soms kwalik dat Hy dit toelaat. En tog is *suffering* ook 'n aha-oomblik. In Charlie Mackery se boek vra die seuntjie: "What is the bravest thing you ever said?"  Waarop die perd hom antwoord: "Help"
Ek glo dat niks toevallig gebeur nie en dat ons in suffering kan hulp vra en kan weet God hoor nie net nie, Hy is daar – langs ons, in ons pyn, by die varke. Dalk is dit die les wat ons moet leer voor ons kan verander.

Watter suffering is daar op die oomblik in jou lewe?
Hoe kan jy daarin of daardeur vir God raaksien?

**Lees weer Lukas 15:11-20**
Wat onthou die verlore seun as dit op sy slegste met hom gaan?
Watter lesse het jy al geleer uit jou swaarkry?
Wat is die dapperste ding wat jy vandag kan sê of doen?

**Donderdag 5 Maart - Dag 5:**

"One of the great surprises is that humans come to full consciousness precisely by shadowboxing, facing their own contradictions, and making friends with their own mistakes and failings. People who have had no inner struggles are invariably both superficial and uninteresting."            Richard Rohr

Alles verander vir die verlore seun toe hy eerlik is oor waar hy is en wat in sy lewe aan die gang is. Verandering is onmootlik sonder hierdie eerlikheid.  Dit dwing ons om ons eie foute en verkeerde keuses in die oë te kyk.  Dit help niks om voor te gee en te maak of jy nie honger is, of nie in die moeilikheid is of nie suffer nie. As die verlore seun dit gedoen het, was hy nog steeds by die varke. Hierdie tipe egtheid is die saad vir real change.

**Lees Romeine 12:1-3**
Oor watter sake moet God jou help om anders te begin dink?

**Vrydag 6 Maart - Dag 6:**

"We have to let go of the passing names by which we have tried to name ourselves and become the "naked self before the naked God." That will always feel like dying, because we are so attached to our passing names and identities. Your bare, undecorated self is already and forever the beloved child of God."
Richard Rohr

Voorgee kill change. Adam en Eva ontdek hulle is kaal na hul sonde in die paradys en hulle kruip weg vir God. Ons almal doen sonde, kies soms verkeerd, ons almal gaan deur tye van swaarkry. En God weet dit. So eintlik help dit niks om dit te probeer wegsteek nie. As die verlore seun by sy pa kom, stel hy nie eers belang in sy lang belydenis lys nie. Wat vir die pa belangriker is, is dat sy seun opgestaan het en terugkom huistoe.

**Lees Lukas 15:17-24**

Dink net hoe gelukkig is ons dat ons kan teruggaan na 'n Vader se huis?
As God se reaksie teenoor jou soos die goeie pa teenoor sy seun is, wat kan dit aan jou verhouding met die Here doen?

**Saterdag 7 Maart - Dag 7:**

"We grow spiritually much more by doing it wrong than by doing it right. The great and merciful surprise is that we come to God not by doing it right but by doing it wrong!" Richard Rohr

CJ Langenhoven het een maal gesê dat 'n dom mens uit sy eie foute leer en 'n slim mens uit ander se foute. Eerlik: ons is meer dom as slim! Maar die belangriker punt is ons reaksie op ons dom-wees. Die belangrike sleutel vir groei en change, is die raaksien en erkenning van my foute. Dit bring die verlore seun baie naby aan sy vader, maar dit maak ook dat die oudste broer nie wil feesvier nie. 'n Verhouding met die Here is meer as om die regte goed die heeltyd te doen en te dink dit is wat God verwag.

**Lees Lukas 15:25-32**

Waarom dink jy wil die ouer broer nie saam feesvier nie?
Hoe kan ons foute ons help om geestelik te groei?

**Sondag 8 Maart - Dag 8:**

"If change and growth are not programmed into your spirituality, if there are not serious warnings about the blinding nature of fear and fanaticism, your religion will always end up worshiping the status quo and protecting your present ego position and personal advantage as if it were God."

**Lees weer Lukas 15:11-32**

Hoekom wil jy verander?
Jy kan nie verander as jy nie eerlik met God en jouself kan wees oor sake in jou lewe wat nie reg is nie.